Die IN-CHRISTUS BOODSKAP: OPSOMMING

Hierdie boodskap is slegs 'n samevatting van die lesings wat ons tot dusver gedoen het betreffende "Christus in my, die hoop op die heerlikheid"

- **Wanneer ons die openbaring van Christus in my ontvang en wandel in daardie kennis, moet die volgende in ag neem:-**
    - Die kleiner dinge verdwyn, ons moet nie meer vashaak by onbenullige verskille nie
    - Christus moet ons fondasie word – alles wat ons beoordeel, moet gedoen word in die lig van "Christus leef in my", en jouself die vraag afvra – bevorder hierdie lering/reel/ens. My kennis van Christus en verhouding met Hom?
    - Die openbaring van Christus is BO ALLES in jou lewe – nie kerk leringe en allerhande reels en regulasies nie – CHRISTUS IS ALS. As 'n lering NIE Christus as sentrale tema en belangrikheid het nie – dan is dit lewe-loos
    - Die Heilige Gees is die ware leraar. Mense kan jou inligting gee en lering gee, maar geen mens kan enigiets vir jou "oopmaak" nie – die Heilige Gees openbaar sekere dinge aan die mens.
    - Ons moet geduldig wees met mense wat nie die "In Christus" boodskap (die Openbaring van die geheimenis van Christus) ontvang of verstaan nie. dis God se tyd in elkeen se lewe – as hulle dit soek en glo – Gal 4:2
    - Ons moet ook verstaan dat NIE ALMAL gaan dit glo en die boodskap aanneem nie. Jy kan dit slegs deur geloof ontvang, baie wedergeborenes sal egter kies om te bly by hulle ou denke en godsdienstige strukture en idees – dis 'n veiligheids zone
- Dis NIE 'n NUWE boodskap nie. Hierdie boodskap was wel deur die institusionele kerk onderdruk, Rooms Katolieke, Protestante ens. Die "formele" kerk organisasie het besig geraak met hulle eie konstitusies en grondwette ens., en Christus was grootliks opsy geskuif.
    - Hierdie is 'n bybelse ou boodskap, wat opsy geskuif is deur godsdienstigheid en strukture.
- Ons moet op 'n plek kom in ons lewe dat "Al wat ek wil ken, is Christus" soos Paulus sê in **Fil.3:10**.
- Ons moet nie net WEET van Christus in ons nie, ons moet dit begin LEEF.
    - As dit net teorie vir ons bly – dan word selfs hierdie boodskap vir ons 'n leë en kragtelose godsdiens.
- **Joh 5:39** Christus IS DIE LEWE. Ons kan die Bybel deursoek vir allerhande maniere om te leef, en probleme te oorkom ens., maar die Bybel getuig VAN CHRISTUS. Ons moet HOM eerste soek !!
    - Ons moet versigtig wees om ons vervulling te soek in "dinge". Om self goeie dinge te doen as 'n goedkoop vervanging vir 'n verhouding met Christus.
- Ons sal NOOIT die openbaring van Christus ontvang deur die Wet nie, deur teorie nie – slegs deur geloof.
- Daar is 'n groot verskil tussen SELF-LEWE en CHRISTUS-LEWE.
    - Ek kan of uit myself en my krag lewe TOT God
    - Of ek kan oorgee aan Christus en leef DEUR Christus en Hy is my bron!
    - Ons het gesterf – ons is DOOD, Christus leef nou in ons – **Gal 2:20**

- **<u>Daar is 4 dinge wat in ons lewe gebeur wat NODIG is om die OPENBARING te ontvang:</u>**
    - Verwarring en Frustrasie
        - Dis 'n plek waar God ons bring wanneer ons HOM en SY WAARHEID begin soek
        - Jou verwarring maak jou soekend, jou frustrasie trek jou nader na God.
        - In baie mense se lewens kies hul egter om weg te loop van God af, maar dit behoort jou te laat soek NA HOM.
    - Onvervuld met die materiele dinge
        - **Fil 3:8**
        - Jy sal op 'n plek kom waar die materiele dinge jou nie meer kan tevrede stel nie, jy sal rondom jou kyk en baie sien, en binne jou steeds leeg voel.
    - Honger en soekend
        - Wanneer 'n mens sê: "daar moet meer wees?"
        - Dit voel asof jy 'n glas plafon slaan en daar moet meer wees in jou verhouding met God.
        - Dan is die persoon reg om Christus te soek en die openbaring te ontvang
    - Die wederkoms is naby
        - Wanneer hierdie waarheid begin insink in ons lewe, besef ons dat die tyd op aarde min is en ons onsself moet besig hou met God se koninkryk

- Om by die openbaring van Christus uit te kom, is 'n progressiewe proses
    - Dis 'n groei proses, 'n groei van baba na tiener na volwassene
    - Wees geduldig met ander en lei hulle in die proses, hou hulle hand vas
- God is besig om in elke wedergeborene se lewe te werk na een groot punt – **Gal 1:16** "*...om Sy seun in my te openbaar..."*
- Die duiwel is 'n leuenaar – die vader van die leun.
    - Daar is 'n "In Christus" boodskap onder die mistici ook, maar hulle vervuil en verdraai die waarheid
    - Hulle maak dit so dat ons kan God word, omdat Hy in ons is
    - Dis 'n verdraaing – ons kan slegs die beeld van God dra – net God sal ooit God wees – nooit ons.

- **<u>Waarom is dit nodig om die IN-CHRISTUS boodskap te verkondig?:-</u>**
    - Dit leer ons van die ware vryheid in Christus, want baie christene leef in geestelike gevangeniskap, ongelukkig en onvervuld, vas gevang in reels.
    - Vry van Sonde en die wet – dit maak dat ons die sonde uiteindelik kan oorwin in ons lewe en die ou mens aflê, en vry van die binding van die wet.
    - Dit help ons om swaar tye te oorleef en oorwin.
    - Dit leer ons dat Christus GEKEN KAN WORD. Christus is nie onverstaanbaar en onkenbaar nie!!
    - Dit maak die Bybel verstaanbaar, dit leer ons watter dele van die Bybel vir MY as wedergeborene NA DIE KRUIS geskryf is en hoe ek moet leef – en watter dele vir Israel geskryf is
        - Die Ou Testament is net die skadu beeld van dit wat sou kom – ons moet nie 'n verhouding hê met die skaduwee nie – maar met die persoon wie se skaduwee die Ou Testament was – CHRISTUS
    - Dit maak VREDE tussen my en die Vader

- Daar is NIE net een evangelie in die Bybel nie. Die hele Bybel is nie een boodskap vir alle tye vir alle mense nie – ons leef NA die kruis en behoort die Bybel so te lees.

- **<u>As ons dink die bybel is net een evangelie, een boodskap, dan.....</u>**
    - Ontneem ons onsself die volheid van Christus – want die volheid kan nooit in die res van die Bybel (voor die kruis) ontdek word nie !!
    - Raak verward tussen die boodskap van Werke vs. genade
    - Paulus raak net nog 'n stem tussen al die ander, en daar is niks dieper aangaande sy boodskap as die in die Ou Testament nie.
    - Ons ontneem Paulus van sy Openbaring wat Christus hom gegee het!! 'n Groter boodskap wat Jesus hom gee – en ons plaas dit op gelyke vlak met ander dele van die Bybel, wat aan die volk Israel gegee was.

<u>AFSLUITINGS GEDAGTES (*soos opgesom deur W. Litzman*)</u>

- **He is our Peace**
    - **Ef 2:14** *Want Hy is ons vrede*
- **He is our Love**
    - **Ef 5:2** *en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer*
- **He is our Power**
    - **2 Kor 12:9** *My genade is vir jou genoeg...., sodat die krag van Christus in my kan woon.*
- **He is our COMPLETION**
    - **Kol 2:10** *en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag*
    - **KJV** - *And ye are complete in him*
- **SO... HE IS OUR MESSAGE**
    - **2 Kor 4:5** *Want ons verkondig nie onsself nie, maar Christus Jesus as Here*
    - **Rom 16:25** *Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en <u>die prediking van Jesus Christus</u>,* ***ooreenkomstig*** *die <u>openbaring van die verborgenheid</u> wat eeue lank verswyg is,*